
READING ACADEMY



BOEK 4

# KABV-LEESAKTIWITEITE 2

## LEER KINDERS HOE OM TE LEES

**10** URE

Al 10 lesse moet voltooi word

Western Cape Government
Education

Funda Wande
Reading for Meaning

# Verwelkoming en oriëntasie

Welkom by Funda Wande Reading Academy se Boek 4, die geleidelike-oordrag-model vir die onderrig van lees: vyf KABV-leesaktiwiteite.

Hierdie module bevat vyf leesaktiwiteite wat gebruik word vir die onderrig van die komponente van die leeskurrikulum wat in die KABV vervat is. Hierdie leesaktiwiteite is:
Onderwyser lees hardop Gedeelde lees
Groepbegeleide lees Lees in pare Selfstandige lees


Die onderwyser verminder geleidelik die steiering wat sy in hierdie aktiwiteite aan leerders voorsien terwyl hulle lees, en leerders neem toenemend verantwoordelikheid om selfstandig te lees. Ons noem dit die onderrigmodel vir geleidelike oordrag van verantwoordelikheid. Die model word in die eerste twee lesse behandel.

Daar is 20 lesse in hierdie module en elke module sal ongeveer een uur neem om te voltooi. Jy behoort die module binne 20 ure te voltooi.

Dis belangrik dat jy die lesse in volgorde doen, aangesien elke les voortbou op die inhoud van die vorige een. Ons moedig jou aan om tydens elke les 'n aktiewe leser te wees.

Elke les het 'n **video('s)** waarna jy moet kyk (klik op 'kyk nou') en 'n **selfassessering** wat voltooi moet word








## Oorsig van die les en onderwerpe

**LES 11**
**Alles oor groepbegeleide lees** *Bladsy 5*

**LES 12**
**Tekste vir groepbegeleide lees** *Bladsy 9*

**LES 13**
**Die indeling van groepbegeleide leeslesse** *Bladsy 13*

**LES 14**
**Die onderwyser se rol in groepbegeleide lees** *Bladsy 21*

**LES 15**
**Assessering tydens groepbegeleide lees** *Bladsy 26*

**LES 16**
**Alles oor lees in pare** *Bladsy 30*

**LES 17**
**Die indeling van lees in pare** *Bladsy 34*


**LES 18**
**Alles oor selfstandige lees** *Bladsy 38*


**LES 19**
**Die rol van die onderwyser in selfstandige lees** *Bladsy 41*


**LES 20**
**Bevordering van selfstandige lesers** *Bladsy 46*


**ANTWOORDE OP VRAE IN LESSE** *Bladsy 51*

# Die Funda Wande READING ACADEMY Reeks




Om die meeste baat uit hierdie kursus te vind, sorg asseblief dat jy die video's klaar kyk en dat jy elke selfassessering voltooi.

Ons moedig jou aan om deur die loop van die kursus 'n aktiewe leser en kyker te wees. Die assesserings in die kursus help om jou kennis na te gaan – die antwoorde verskyn aan die einde van elke les. Daar sal na afloop van die module 'n finale assessering wees.

Die finale assessering bestaan uit twee toetse en die besonderhede is soos volg:

- Toets 1 word na die voltooiing van Boek 1 en 2 afgelê..
- Toets 2 na die voltooiing van Boek 3 en 4.
- Elke toets duur 1 uur en is in die formaat van veelvuldige keuse.
- 'n Aanlyn skakel vir elke toets sal op die geskeduleerde datum voorsien word.
- Jy sal jou uitslae ontvang deur aan die einde van elke toets op die 'submit'-knoppie te druk.
- Sou jy die toets druip, sal jy 'n tweede kans kry om die toets af te lê en 'n nuwe datum sal daarvoor geskeduleer word.

Ons hoop jy geniet die kursus en vind baat daarby!





# Les 11: Alles oor groepbegeleide lees

60 mins

Welkom terug.

Groepbegeleide lees is 'n uiters belangrike leesaktiwiteit aangesien dit waarskynlik die enigste tyd in 'n besige skooldag is wanneer die onderwyser in staat is om met klein groepe leerders te werk. Groepbegeleide lees gee die onderwyser die kans om individuele aandag aan leerders te skenk en gee die leerders die kans om op die regte vlak te lees.

## Wat jy in hierdie les sal leer

- Wat groepbegeleide lees behels
- Waarom groepbegeleide lees kritiek vir leerders se leesontwikkeling is
- Op watter graad of vlak leerders is
- Hom om seker te maak dat die regte leesboeke gekies word

## Wat is groepbegeleide lees?

1. In groepbegeleide lees werk die onderwyser met klein groepe kinders wat soortgelyke leesvermoëns het.
2. Sy lei en ondersteun hulle om verskillende leesstrategieë te gebruik terwyl hulle boeke lees op 'n vlak wat hulle vermoëns pas. Ons noem dit lees op die regte vlak.
3. The teacher also gets children to practise strategies that she has taught during Shared Reading.

## Hoekom is dit belangrik om woordeskat te leer?

1. **Jy kan sê/skryf wat jy bedoel.** Hoe meer woorde jy ken, hoe akkurater kan jy jou idees en gevoelens uitdruk. Woordeskatkennis is die sleutel tot sukses in inhoudsvakke op skool.
2. **Jy kan verstaan wat jy hoor/lees.** As jy nie ten minste 95% van die woorde in 'n teks verstaan nie, sal jy sukkel om die teks te begryp.
3. **Jy kan vlotter en doeltreffender lees.** Wanneer jy woorde lees wat jy reeds ken en verstaan, herken jou brein hulle vinnig. Dit stel jou in staat om vlot/vloeiend te lees.
4. **Woordeskat is noodsaaklik om kennis op te bou.**

VIDEO

### Kyk na video 59: What is GGR?

**20 mins**

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Is dit 'n goeie ding om leerders in "vermoëgroepe" in te deel? Waarom/waarom nie?
2. Wat is "vlak-geskikte leesboeke"?
3. Hoe skakel groepbegeleide lees in by ander leesaktiwiteite?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. **Klein groepe met soortgelyke vermoëns:** Dis belangrik om tydens groepbegeleide leeslesse 'n basislyn-assessering te gebruik om groepe leerders op dieselfde vlak van lees in te deel.
2. **Lees boeke op die regte vlak:** Tydens groepbegeleide lees moet die onderwyser stories uit vlak-geskikte leesboeke kies wat op die regte vlak vir daardie groep leerders is.
3. **Individuele leerders lees hardop:** Die onderwyser moet luister hoe elke kind hardop lees.
4. **Die regte hoeveelheid ondersteuning van die onderwyser:** Die onderwyser moet tydens die les die regte balans tref tussen die ondersteuning van leerders en om hulle 'n kans te gee om lees te oefen.



### Waarom is groepbegeleide lees belangrik?

1. **Elke leerder ontvang individuele leiding van die onderwyser**
   a) Groepbegeleide lees is die enigste keer in die week dat leerders individuele leesonderrig ontvang.
   b) Die onderwyser lei elke leerder om suksesvol met begrip te lees.
2. **Leerders kan oefen om met sukses te lees**
   a) Leerders oefen lees en gebruik die vaardighede en strategieë wat hulle geleer het.
   b) Hulle kan sukses ervaar omdat hulle boeke lees wat op die regte vlak is en dit motiveer hulle om meer te lees.
3. **Die onderwyser kan bepaal watter hulp elke leerder nodig het om beter te lees**
   a) Onderwysers kan wanneer en waar nodig spesifieke en gefokusde hulp verleen omdat hulle elke leerder kan hoor lees.

### Wanneer doen ek groepbegeleide lees?

Die onderwyser werk elke dag, van Maandag tot Vrydag, vir 15 minute met twee groepe vir **groepbegeleide lees.**

1. Dertig minute per dag is in die KABV vir groepbegeleide lees **toegeken.**
2. 'n Onderwyser behoort elke dag tyd met twee groepe leerders te bestee waartydens hulle 15 minute per groep in huistaal ontvang.
3. Dit beteken ideaalgesproke dat jy twee keer 'n week met elke groep vir **groepbegeleide lees** werk.
4. Groepbegeleide lees word ook vanaf Graad 2 vir 15 minute per dag in Engels eerste addisionele taal gedoen.



VRAE

**Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?**

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. In groepbegeleide lees werk leerders in klein groepe met dieselfde vermoëns. **Waar of onwaar?**
2. In groepbegeleide lees is dit die onderwyser wat die storie vir die leerders lees. **Waar of onwaar?**
3. In groepbegeleide lees moet die onderwyser hoor hoe elke leerder lees. **Waar of onwaar?**
4. In groepbegeleide lees het elke leser sy of haar eie boek. **Waar of onwaar?**

**Besinning**
Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Waarom dink jy dis so belangrik vir 'n leerder se motivering en selfvertroue om sukses in lees te ervaar?
2. Slaag jy daarin om te hoor hoe elke leerder ten minste een keer per week vir jou hardop lees?

Welgedaan! Jy het Les 11 voltooi.



# **Les 12:** Tekste vir groepbegeleide lees

**60** mins

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat gegradeerde (vlak-geskikte) leesboeke is en waarom jy dit gebruik.
- Hoe om 'n boek op die regte vlak vir groepbegeleide lees te kies.

## Watter tekste word in groepbegeleide lees gebruik?

Om 'n sukses van die onderrig van groepbegeleide lees te maak, is dit belangrik om die regte tekste te kies. Daar is drie belangrike kenmerke van tekste wat goed vir groepbegeleide lees is. Tekste moet:

1. uit 'n stel gegradeerde (vlak-geskikte) leesboeke wees
2. op die geskikte vlak vir die groep wees
3. leerders in staat stel om sonder frustrasie te lees.

## Wat is gegradeerde leesboeke?

1. Gegradeerde leesboeke is 'n reeks boeke wat spesiaal volgens die moeilikheidsgraad geskryf en georden is.
2. 'n Kind kan maklike boeke begin lees en dan aanbeweeg na moeiliker boeke in die reeks.
3. Die maklikste boeke het waarskynlik prente sonder woorde of met slegs een woord per bladsy.
4. Verskillende kommersiële reekse gegradeerde boeke is beskikbaar. 'n Aantal provinsiale onderwys-departemente het die Vula Bula-bloemlesings versprei. Die bloemlesings is versamelings gegradeerde stories wat tydens groepbegeleide lees in die klaskamer gebruik kan word. Kinders kan die boeke ook huis toe neem om te oefen.



## Die Vula Bula-bloemlesings

Daar is 66 stories in die Vula Bula-reeks wat in drie bloemlesings verdeel is, een elk vir Graad 1 tot 3. 'n Bloemlesing is 'n versameling stories in 'n enkele boek. Die Graad 1 Vula Bula-bloemlesing bevat storie 1 tot 24, die Graad 2-bloemlesing bevat storie 25 tot 44 en die Graad 3-bloemlesing bevat storie 45 tot 66. Die verskillende vlakke word in die Vula Bula-bloemlesings kleurgekodeer.




Namate jy deur 'n bloemlesing werk, word die stories al hoe moeiliker en meer woorde word gebruik. Die kinders sal in die moeilikste stories die volgende vind:

a) meer woorde (langer sinne en langer tekste)
b) nuwe woordeskat
c) nuwe leestekens (soos ?, ! en " ")
d) nuwe grammatika (soos verlede en teenwoordige tyd).

## Wat word met die regte vlak bedoel?

1. 'n Sleutelaspek van groepbegeleide lees is om boeke by die leerders se huidige leesvermoë te pas.
2. Die idee is om vir elke groep 'n boek te gee wat hulle oor die algemeen maklik kan lees. Ons noem dit "lees op die regte vlak".
3. Daar is verskeie leesboeke vir elke vlak. Dit gee die leerders volop kans om op hulle vlak te oefen voordat hulle na die volgende vlak beweeg.
4. Sodra die leerders al die leesboeke op hulle vlak kan lees, moet hulle na die volgende vlak beweeg. Die onderwyser moet hierdie vordering bestuur.
5. Die onderwyser kan soms 'n leerder na 'n verskillende groep skuif.

## Wat beteken dit as ons sê die teks kan sonder frustrasie gelees word?

1. Kinders behoort sonder moeite 90–95 persent van die woorde te kan lees en verstaan.
2. Dit beteken dat die kind sonder moeite nege uit tien woorde moet kan lees.
3. Die teks is 'n bietjie moeiliker as wat die kind dalk alleen kan lees (die onderwyser kan soms help), maar nie só moeilik dat dit die kind gefrustreerd maak nie.




VIDEO

### Kyk na video 21: Choosing the right books for your learners

4 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vraag:*

1. As 'n boek meer woorde op 'n bladsy het, beteken dit dat die teks moeiliker is?




WATCH NOW

## Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser moet aan die begin van die jaar 'n basislynassessering doen om die leerders se leesvermoë te bepaal.
2. Die uitslae van hierdie basislynassessering word gebruik om leerders in leesgroepe van 'n soortgelyke leesvermoë in te deel.
3. As die boeke te moeilik is om te lees, veroorsaak dit frustrasie wat die kind afsit van lees.
4. As onderwysers leesboeke benodig wat moeiliker of makliker is as die boeke wat hulle tans vir hulle graad het, kan hulle dit by hul kollegas in die grondslagfase leen.


VRAE

## Gaan jou begrip na: Woordkeuse

*Kies die ontbrekende woord uit die lys hier onder. Vraag 4 vereis dat jy na die prente van die tekste kyk.*

***(frustrasie – hardop – soortgelyke)***

1. Elke leerder moet tydens sy of haar groepbegeleide leesles ____________lees.
2. Groepe bestaan uit leerders met 'n___________leesvermoë.
3. Gedurende groepbegeleide lees kry 'n leerder 'n boek wat hy of sy sonder ___________kan lees.
4. Kyk na die drie tekste hier onder. Rangskik die tekste vanaf die eenvoudigste tot die moeilikste:




Teks A



Kusekuseni phakathi evekini. UVuyo usegumbini lakhe lokulala ulungiselela ukuya esikolweni. Unxiba ihempe yesikolo emhlophe, ijezi yesikolo eluhlaza nebhulukhwe yesikolo emfutshane engwevu. Unxiba nekawusi ende engwevu.

UVuyo ufuna ukunxiba enye ikawusi kodwa ayifumaneki ndawo. Ukhangela phantsi kweengubo. Ukhangela phantsi kwebhedi. Ukhangela phakathi ezihlangwini zakhe. Ukhangela etyesini. Ikawusi ayibonakali, ayifumaneki.

Uyema uVuyo uyacinga, "Mhlawumbi ilapha kule kasi yempahla le kawusi. Mandikhangele.

UVuyo utsala umqhebe uvula ikasi yempahla.

Teks B




Teks C

Antwoorde

## Besinning

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Het jy al gegradeerde lesers by jou kollegas geleen sodat jou leerders toegang het tot boeke wat hulle sonder frustrasie kan lees?
2. Waarom dink jy dis so belangrik vir 'n leerder se motivering en selfvertroue om sukses in lees te ervaar?

Welgedaan! Jy het Les 12 voltooi.



# Les 13: Die indeling van groepbegeleide leeslesse

60 mins

Welkom terug.

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Hoe om 'n basislynassessering te doen en dit te gebruik om groepe vir groepbegeleide lees in te deel
- Hoe om die prosesse aan die leerders te verduidelik
- Hoe om werk vir die res van die klas te beplan wat hulle kan voltooi terwyl 'n groep saam met die onderwyser lees

Daar is baie om te organiseer voordat 'n onderwyser doeltreffend met groepbegeleide lees kan begin. Dit moet alles aan die begin van die jaar gedoen word sodat die onderwyser teen die middel van die eerste kwartaal met haar groepe vir groepbegeleide lees kan begin.

Daar is vier stappe om te doen:

1. Doen 'n basislynassessering met elke leerder.
2. Gebruik die uitslae van die basislyn om die leerders in hul groepe van 'n soortgelyke vermoë te plaas.
3. Verduidelik aan die leerders hoe groepbegeleide lees sal verloop, hoe jy hulle gegroepeer het en wys hulle 'n rooster waarop elke groep se beurt aangedui word.
4. Beplan werk vir die res van die klas sodat hulle die tyd gebruik om te leer terwyl jy op die mat met jou klein groep werk.





### 'n Basislynassessering moet gedoen word

1. 'n Basislynassessering is 'n kort leestoets wat jou leerders aan die begin van die jaar aflê.
2. Gebruik die uitslae van die basislyn om die leerders in groepe met verskillende vermoëns te plaas.
3. Doen weer jou basislynassessering in die tweede helfte van die jaar om leerders se vordering te bepaal en verander soortgelyke-vermoë-groepe waar nodig.

VIDEO

### Kyk na video 9: Doing the Baseline Assessment

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Wat is die beste manier om kinders se leesvermoë vinnig en doeltreffend te assesseer?
2. Wat doen die onderwyser om seker te maak dat sy elke individu kan assesseer sonder dat die klas te veel geraas maak?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser maak seker dat die klas produktiewe werk het om te doen terwyl sy individue vra om vir haar te kom lees.
2. Sy verduidelik aan die klas wat sy besig is om te doen.
3. Sy vra leerders een vir een om hardop vir haar te kom lees.
4. Sy herinner hulle om gou te maak.
5. Sy roep haar eerste leerder en verduidelik wat hy moet doen.
6. Sy herinner die klas om aan te gaan met hulle werk en haar nie dop te hou nie.

Let op dat leerders in **Graad 1** aan die begin van die jaar nie sal weet hoe om te lees nie. Jou basislyn-assessering kan dus gebruik word om te bepaal wie die letters van die alfabet ken en om hul fonemiese bewustheid te toets.

**Vir Graad 2 en 3** moet die basislyn vlotheid (akkuraatheid, spoed en uitdrukking) assesseer. Kies 'n boek uit die vorige graad om dit te toets. Laat elke kind vir een minuut uit hierdie boek lees. Gebruik 'n eenvoudige rubriek om aan te teken hoe goed elke kind in hierdie toets vaar.



### Indeling van leesgroepe

Sodra jy die leerders geassesseer het, kan jy die uitslae gebruik om hulle in groepe met 'n soortgelyke leesvermoë in te deel.

VIDEO

### Kyk na video 19: Using Baseline to make groups

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vraag:*

1. Waarom dink jy verwys ons heeltyd na "soortgelyke" en nie na "dieselfde" leesvermoë nie?




WATCH NOW

## Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser teken al die leesuitslae in haar rekordboek aan.
2. Die leestoets is gegrond op die leerders se vlotheid (dit is 'n Graad 2-klas).
3. Vlotheid sluit leesspoed, akkuraatheid en prosodie (intonasie en uitdrukking) in.
4. Die toets is tydsgebonde (elkeen lees vir een minuut).
5. Die res van die klas is besig met werk wat die onderwyser vir hulle gegee het.
6. Die onderwyser moenie die leerders tydens die toets help nie, selfs al sukkel hulle, want die bedoeling is om hulle vermoë om te lees, te toets.
7. Die onderwyser identifiseer dat daar kinders is wat glad nie kan lees nie (hulle is in Graad 2). Sy besluit om hierdie leerders saam te groepeer. Sy sal hulle prioritiseer en met basiese klankleer begin.
8. Daar hoort omtrent 6 tot 8 leerders in 'n groep te wees.
9. Die groepe is nie permanent nie, aangesien leerders se vordering verskil. Wanneer leerders vinniger as hulle groep vorder, moet hulle na 'n groep een vlak hoër geskuif word.
10. Indien leerders sukkel om in hul groep by te hou, moet hulle geskuif word na 'n groep wat makliker tekste gebruik.



## Verduidelik die proses van groepbegeleide lees aan leerders

1. Verduidelik hoe hulle sal uitvind in watter groep hulle is.
2. Verduidelik hoe en wanneer groepbegeleide lees sal plaasvind en op watter dae dit hulle beurt sal wees.
3. Vra die leerders om hul groepe te vorm.
4. Vra die leerders om 'n groepleier te kies.
5. Laat die kinders oefen wat om te doen wanneer jy hulle groep na die mat toe roep.



VIDEO

### Kyk na video 67: Explaining the GGR Process

11 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Hoe sal 'n leerder weet in watter groep hy of sy sal wees?
2. Hoe sal die leerder weet op watter dae hy of sy groepbegeleide lees het?
3. Wat is die punt daarvan om groepleiers te hê?




WATCH NOW

## Belangrike aantekeninge uit die video

1. Die onderwyser het 'n kaart voorberei met die leesgroepe en die kinders se name is in elk van die vier groepe neergeskryf.
2. Sy het ook dierename gebruik wat nie aandui dat een groep sterker as die ander is nie.
3. Sy verduidelik hoe sy die groepe gevorm het nadat sy elke kind gevra het om vir haar te lees.
4. Sy vra die leerders om hul groepe te vorm en mekaar te leer ken.
5. Sy wys hulle die rooster en maak seker dat elke groep weet op watter dae van die week hulle groepbegeleide lees sal doen.
6. Sy verduidelik waarom hulle groepbegeleide lees doen.
7. Sy verduidelik wat sy wil hê hulle moet doen wanneer dit tyd vir hulle groep is.
8. Sy vra elke groep om 'n leier te kies wat met die beheer van elke groep sal help.
9. Sy verduidelik mooi wat van die groepleiers verwag word.

### Beplanning van werk vir die res van die klas

Buiten die basislyntoetse, die indeling van soortgelyke-vermoë-groepe en die verduideliking aan die leerders oor hoe die groepe sal werk, moet die onderwyser nog een ding doen voordat sy met die groepbegeleide lees kan begin: Sy moet beplan wat die res van die klas sal doen terwyl sy besig is om met die groepbegeleide leesgroepe te werk.

1. As hulle nie besig gehou word nie, sal die kinders raas en ontwrigting veroorsaak.
2. Dit sal aanvanklik meer beheerbaar wees as almal in die klas dieselfde aktiwiteit doen, veral as dit 'n groot klas is.
3. At first, it will be more manageable if the class all does the same activity, especially if the class is large.
4. Sommige onderwysers beplan vier of vyf verskillende aktiwiteite vir 'n week wat deur die leesgroepe geroteer word sodat elke groep elke dag 'n verskillende aktiwiteit het. Die onderwyser moet dit deeglik beplan om seker te maak dat daar genoeg werk is om te doen en dat die leerders presies weet wat hulle moet doen.

| | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Leeus** | Groepbegeleide lees saam met onderwyser | Lees in pare | Werkboek Aktiwiteit 1 | Werkboek Aktiwiteit 2 | Werkboek Aktiwiteit 3 |
| **Luiperds** | Werkboek Aktiwiteit 3 | Groepbegeleide lees saam met onderwyser | Lees in pare | Werkboek Aktiwiteit 1 | Werkboek Aktiwiteit 2 |
| **Zebras** | Werkboek Aktiwiteit 2 | Werkboek Aktiwiteit 3 | Groepbegeleide lees saam met onderwyser | Lees in pare | WB Aktiwiteit 1 |
| **Koedoes** | Werkboek Aktiwiteit 1 | Werkboek Aktiwiteit 2 | WB Aktiwiteit 3 | Groepbegeleide lees saam met onderwyser | Lees in pare |
| **Renosters** | Lees in pare | Werkboek Aktiwiteit 1 | Werkboek Aktiwiteit 2 | Werkboek Aktiwiteit 3 | Groepbegeleide lees saam met onderwyser |





1. Hier is drie voorgestelde aktiwiteite wat leerders kan doen terwyl jy met die leesgroep op die mat besig is:
   a) **Aktiwiteite in werkboek of handboek:** Jy kan vir die kinders 'n aktiwiteit uit die DBO-werkboek of die handboek laat doen. Dit is 'n goeie manier om die klanke vir die week te oefen.
   b) **Lees in pare:** Leerders kan teen die einde van Graad 1, en in Graad 2 en 3 in pare lees terwyl die onderwyser met groepbegeleide lees besig is. Hulle kan vir mekaar die gegradeerde leesboek van die vorige week lees. Verwys na eenheid 5 van hierdie module.
   c) **Individuele skryfwerk:** Dit is 'n goeie tyd vir kinders om op hul skryftake te konsentreer.



## Gaan jou begrip na: Waar- of onwaar-antwoorde

**Antwoorde**

| Activities from the DBE Workbooks | |
|---|---|
| Grade 1 | ■ Practising handwriting<br>■ Using words to complete sentences<br>■ Labelling pictures<br>■ Matching activities<br>■ Simple phonics activities e.g. filling in missing letters in words |
| Grade 2 | ■ Labelling pictures<br>■ Matching activities<br>■ Simple phonics activities e.g. sorting words into sound families<br>■ Completing sentences<br>■ Writing simple sentences<br>■ Punctuating sentences<br>■ Writing answers to questions |
| Grade 3 | ■ Putting words into alphabetical order<br>■ Matching activities<br>■ Phonics activities e.g. sorting words into sound families<br>■ Completing sentences<br>■ Writing sentences<br>■ Punctuating sentences<br>■ Writing answers to questions<br>■ Simple grammar activities |

1. Die leesgroepe word in groepe met soortgelyke vermoëns ingedeel. **Waar of onwaar?**
2. Die basislynassessering moet vroeg in die jaar begin sodat die onderwyser so gou as moontlik die indeling vir groepbegeleide lees kan doen. **Waar of onwaar?**
3. Al die swakker lesers, selfs diegene wat glad nie kan lees nie, sal saam gegroepeer word. **Waar of onwaar?**
4. As die proses aan die leerders verduidelik word, sal die groepbegeleide lees self doeltreffender wees. **Waar of onwaar?**
5. Sodra die groepe bepaal is, sal hulle vir een kwartaal so bly. **Waar of onwaar?**
6. Wat belangrik is vir die sukses van groepbegeleide lees, is dat die res van die klas genoeg uitdagende werk het sodat hulle nie die onderwyser sal aflei terwyl sy met 'n klein groep werk nie. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Alhoewel dit tyd neem om hierdie prosesse in plek te stel, stem jy saam dat dit die moeite werd is om doeltreffende lesse in groepbegeleide lees te verseker?
2. Wat sou jy sê is die drie hoofvoordele om in klein groepe met individuele leerders te kan werk om hulle tydens hul leeswerk te lei?

Welgedaan! Jy het Les 13 voltooi.





# **Les 14:** Die onderwyser se rol in groepbegeleide lees

60 mins

Welkom terug.

Die spesifieke oefeninge wat die onderwyser met die groepe doen, sal effens verskil volgens die graad en die vlak van die leerders. Daar is egter vyf dinge wat alle onderwysers tydens groepbegeleide lees moet doen.

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Wat die onderwyser tydens 'n les in groepbegeleide lees doen
- Vyf belangrike oefeninge wat die onderwyser tydens groepbegeleide lees doen

### Vyf belangrike praktyke

1. Luister hoe individuele leerders hardop lees.
2. Maak seker dat die ander leerders in die groep stilweg in hul eie leesboeke volg wat gelees word.
3. Lei die leerders om die leesstrategieë toe te pas wat jy onderrig het. Dit sluit in:
   a) vlotheid
   b) woordaanvalstrategieë
   c) begrip.
4. Lei leerders oor hoe om begrip te ontwikkel deur vrae te vra.
5. Gee individuele terugvoering aan elke leerder terwyl hulle lees en nadat hulle gelees het.



VIDEO

### Kyk na video 68: The GGR Lesson

**13 mins**

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Watter leesvaardigheid oefen die onderwyser met die kinders?
2. Hoe beheer sy die res van die klas?
3. Watter soort terugvoering gee sy vir elke leerder?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser het die leerders na die mat geroep en gesê hulle moet opskud.
2. Die groepleier het die boeke uitgedeel.
3. Elke kind het 'n beurt gekry om te lees.
4. Die onderwyser het na hulle geluister en elkeen noukeurig waargeneem.
5. Sy het daarop gefokus om hulle vlotter te laat lees.
6. Sy het leerders gevra om woorde en sinne te herhaal om hulle aan te moedig om vlotter te lees.
7. Sy het vir die ander kinders gesê om in hul eie boeke te volg.
8. Sy het af en toe opgekyk na die res van die klas om seker te maak dat hulle werk.



VIDEO

### Kyk na video 81: Focusing attention on a Skill in GGR

**2 mins**

Jy sal nou kyk na 'n ander onderwyser wat groepbegeleide lees met 'n Graad 3-klas doen.

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vraag:*

1. Hoe is hierdie les soortgelyk aan of verskillend van die Graad 2-les in video 68?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser het 'n niefiksieteks vir die groep gebruik.
2. Sy het die leerders herinner om die titel van die boek te lees
3. Sy het leerders aangemoedig om 'n lang woord in lettergrepe op te breek en weer bymekaar te sit om die woord te lees.
4. Sy het hulle herinner om weer die hele sin te lees nadat hulle die individuele woorde uitgewerk het.
5. Sy het hulle aangemoedig om hardop te lees sodat die hele groep kon hoor.
6. Sy het hulle herinner dat die manier waarop hulle lees, beïnvloed hoe hulle betekenis uit die sin maak..





VIDEO

### Kyk na video 1G: Giving Individual Feedback

1 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. *Waarom is dit so belangrik om vir elke leerder tydens groepbegeleide lees terugvoering te gee?*
2. *Wat is die verskil tussen om iemand te prys en om opbouende terugvoering te gee?*




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser het mooi aan die leerder verduidelik wat sy wou hê hy moes doen.
2. Sy het vloeiende leeswerk (vlotheid) vir hom gemodelleer.
3. Sy het hom gevra om dit twee keer te lees.
4. Sy het hom geprys toe hy dit reggekry het.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Pas die kolomme

Pas wat die onderwyser in **Kolom 1** sê by die rede in **Kolom 2**

| **1**/ WAT DIE ONDERWYSER SÊ ... | **2**/ REDE |
|---|---|
| 1 "Dis baie meer vloeiend, welgedaan." | a. Om betekenis na te gaan. |
| 2 "Breek die woord op in lettergrepe." | b. Om vlotheid te ontwikkel. |
| 3 "Hoekom dink jy het hy dit gedoen?" | c. Om te help uitwerk hoe om die woord te lees |
| 4 "Lees dit weer maar probeer om dit hierdie keer vinniger te lees." | d. Om te prys en aan te spoor. |

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Waarom is dit so belangrik om leerders tydens groepbegeleide lees te prys?
2. Besin oor wat jy in die video's waargeneem het oor hoeveel vaardighede in 'n tydperk van 15 minute geoefen is.

**Antwoorde**

Welgedaan! Jy het Les 14 voltooi.

# Les 15: Assessering tydens groepbegeleide lees

60 mins

Welkom terug.

In hierdie les sal jy leer hoe om leerders in groepbegeleide lees te assesseer. Twee soorte assessering vind plaas:

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Waarom die basislynassessering aan die begin van groepbegeleide lees belangrik is
- Formatiewe assessering tydens groepbegeleide lees
- Die rubrieke wat vir assessering gebruik moet word

1. **Basislynassessering**
   a) Dit word aan die begin van die jaar gedoen om groepe met soortgelyke vermoëns te vorm.
2. **Formatiewe assessering tydens groepbegeleide lees**
   a) Dit gebeur tydens elke les in groepbegeleide lees.
   b) Nie elke assesseringsitem sal vir elke les in groepbegeleide lees sigbaar wees nie. Dit is waarom jy deurlopend rekord moet hou.



VIDEO

**Kyk na video 76: Assessment during GGR**

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Hoe bepaal die onderwyser of die kinders die teks verstaan?
2. Hoe bepaal hy of die leerders die leesstrategieë gebruik wat onderrig is?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser het die leerders eksplisiet onderrig om by 'n punt te rus.
2. Hy het gemodelleer hoe om dit te doen en toe gevra dat die hele groep dit moet doen.
3. Hy het huistaal gebruik toe hy opmerk dat die kinders nie sy opdrag verstaan nie.
4. Hy het hulle dikwels geprys.
5. Hy het nagegaan dat hulle die betekenis van die woorde en die sinne verstaan.

### Rubrieke om groepbegeleide lees te assesseer

1. Hou rekords van die leesvaardighede wat kinders demonstreer terwyl hulle lees.
2. Gebruik rubrieke om jou te help om te bepaal wat kinders doen terwyl hulle lees en wat jy moet doen om elke kind te ondersteun.

**Hier is twee voorbeelde van rubrieke. Een vir beginners en een vir meer gevorderde lesers.**

**Vir beginnerlesers**

| Gedrag om op te let en te ondersteun | Kind se naam | Kind se naam | Kind se naam | Kind se naam | Kind se naam |
|---|---|---|---|---|---|
| Oplettend oor besonderhede in prente | | | | | |
| Begin om woorde by teks te pas, hou vinger onder woorde | | | | | |
| Gebruik taalpatrone in die teks | | | | | |
| Skenk mooi aandag aan teks | | | | | |
| Gebruik teksinligting, bv. eerste letter van 'n woord om nuwe woorde te lees | | | | | |
| Let op wanneer dit nie sin maak nie | | | | | |
| Lees weer om te bevestig / werk nuwe woorde uit | | | | | |
| Toon begrip deur vrae te beantwoord | | | | | |
| Probeer om leesstrategieë toe te pas | | | | | |

**Vir meer gevorderde lesers**

| Gedrag om op te let en te ondersteun | Kind se naam | Kind se naam | Kind se naam | Kind se naam | Kind se naam |
|---|---|---|---|---|---|
| Gebruik visuele inligting om te voorspel, na te gaan en betekenis te bevestig | | | | | |
| Herken maklik bekende woorde en gebruik dié kennis om nuwe woorde uit te werk | | | | | |
| Korrigeer self, gebruik visuele inligting | | | | | |
| Soek na begrip terwyl hy/sy lees | | | | | |
| Skenk mooi aandag aan die struktuur van woorde (bv. lettergrepe, agtervoegsels) | | | | | |
| Lees vloeiend, met frasering | | | | | |
| Werk 'n paar nuwe woorde selfstandig uit | | | | | |
| Gebruik die begripstrategieë wat onlangs in gedeelde lees onderrig is | | | | | |



VRAE

## Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Die onderwyser moet gedurende elke groepbegeleide leesles alle leerders informeel assesseer. **Waar of onwaar?**
2. Alle leesvaardighede asook begrip moet tydens elke groepbegeleide leesles geassesseer word. **Waar of onwaar?**
3. Die byhou van rekords tydens groepbegeleide lees is 'n mors van tyd omdat leerders se vermoëns so gereeld verander. **Waar of onwaar?**
4. Assesserings vir groepbegeleide lees hoef slegs vir groepbegeleide lees in die huistaal gedoen te word. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Hou jy rekords en maak jy notas tydens groepbegeleide lees?
2. Dink jy hierdie rubrieke is nuttig vir jou klas?

Welgedaan! Jy het Les 15 voltooi.

# **Les 16:** Alles oor lees in pare

60 mins

Welkom terug.

In hierdie eenheid word lees in pare behandel. Onderwysers skeep soms hierdie soort lees af, want dit neem tyd om dit op te stel. Maar sodra dit in plek is, kan dit 'n sterk invloed op leesontwikkeling hê.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat is lees in pare?
- Waarom is lees in pare belangrik?
- Watter tekste word vir lees in pare gebruik?
- Wanneer moet lees in pare plaasvind?

## Wat is lees in pare?

1. Tydens lees in pare lees twee kinders saggies vir mekaar.
2. Hulle lees beurtelings uit dieselfde boek.
3. Hulle doel is om te oefen hoe om akkuraat en vloeiend met begrip te lees.
4. Die kinders ondersteun en help mekaar om te lees.





VIDEO

**Kyk na video 82: What are Paired and Independent Reading?**

5 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Waar pas lees in pare in by die geleidelike-oordrag-model?
2. Wat is die doel om leerders saam met 'n maat te laat lees?




WATCH NOW

## Belangrike punte uit die video

1. Tydens lees in pare lees kinders vir mekaar (twee-twee).
2. Dit verskil van selfstandige lees waar die kind op sy/haar eie lees.
3. Lees in pare bevorder en versterk die vaardighede wat hulle tydens gedeelde lees en groepbegeleide lees geleer het.
4. Voordat jy die leerders vra om in pare te lees, moet jy die reëls neerlê en verduidelik wat hulle moet doen.
5. Hulle moet tydens lees in pare boeke lees wat op hul vlak is.
6. Dit is 'n goeie idee dat leerders in pare lees terwyl die onderwyser saam met 'n groep aan groepbegeleide lees werk.

## Waarom is lees in pare belangrik?

1. As dit gereeld gedoen word, word selfstandige lesers ontwikkel.
2. Dit is 'n uitstekende manier om mondelinge leesvlotheid te verbeter.
3. Almal in die klas lees aktief. Niemand kan afskakel nie.
4. Dit stel die kinders in staat om hul vaardighede te gebruik.
5. Dit moedig samewerking en portuurondersteuning aan.
6. Dit hou die leerders besig terwyl die onderwyser saam met 'n klein groep groepbegeleide lees doen.

## Watter tekste gebruik ons vir lees in pare?

### *Volledige tekste*

a) Wanneer daar in pare gelees word, is dit nie die tyd om lyste woorde of flitskaarte te lees nie.
b) Kinders moet hele sinne, paragrawe en stories lees sodat hulle begrip, vlotheid en leesspoed kan ontwikkel.

### *Tekste op die regte vlak*

a) Gegradeerde leesboeke op die regte vlak word gewoonlik vir lees in pare gebruik.
b) Kinders kan weer die boeke lees wat hulle vir groepbegeleide lees gebruik het, maar oppas dat een teks nie te herhaaldelik gelees word nie.
c) As 'n skool aanvullende leesboeke het, kan dit gebruik word.
d) Tekste moenie te moeilik wees nie, want dit sal die kinders frustreer.


### *Tekste wat gewoonlik deur die onderwyser gekies word*

a) Onderwysers ken gewoonlik boeke toe aan die leerders wat in pare lees.
b) As die skool genoeg boeke het, gee elke paar 'n paar boeke op die regte vlak en laat hulle kies watter boek hulle wil lees. Kinders word hierdeur gemotiveer.

### *Leerders kan hul eie skryfwerk lees*

a) Lees in pare is 'n goeie tyd vir kinders om hul eie skryfwerk vir mekaar voor te lees.
b) Dit maak hulle trots op hulself as skrywers en gee hulle 'n regte gehoor om voor te skryf.







## Watter tekste gebruik ons vir lees in pare?

1. Lees in pare word deur die KABV vereis, maar 'n spesifieke tyd word nie daarvoor toegeken nie. Die onderwyser moet dus die tyd vir lees in pare maak.
2. Lees in pare moet vanaf Graad 1-huistaal begin.
3. Vanaf Graad 2 moet lees in pare ook vir Engels eerste addisionele taal gedoen word.
4. Lees in pare kan ingepas word:
   a) terwyl die onderwyser groepbegeleide lees doen
   b) tydens lewensvaardighede – die leerders kan vir mekaar uit die handboek vir lewensvaardighede voorlees
   c) wanneer die vinniger leerders hul werk voltooi het, kan hulle saggies in pare lees
   d) ouer kinders kan tydens pouse vir hul jonger maats lees
   e) terwyl die onderwyser remediëring met 'n paar leerders doen.

**VRAE**

### Gaan jou begrip na: Waar of onwaar

**Antwoorde**

1. Wanneer daar in pare gelees word, lees kinders saggies 'n teks vir hulle maat. **Waar of onwaar?** ..........
2. Lees in pare is dieselfde as selfstandige lees. **Waar of onwaar?** ..........
3. Die voordeligste aspek van lees in pare is dat leerders meer leesoefening kry. **Waar of onwaar?** ..........
4. Die onderwyser is aktief by die leerders betrokke terwyl hulle lees in pare doen. **Waar of onwaar?** ..........

**Besinning**
Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende

1. Hoe gereeld laat jy jou leerders in pare vir mekaar lees? Wil jy dit nou verander?
2. Dink jy dat jy die Nal'ibali-aanvullings tydens lees in pare kan gebruik?

Welgedaan! Jy het Les 16 voltooi.

# Les 17: Die indeling van lees in pare

60 mins

Welkom terug.

Monitering en herstel vind plaas wanneer ons seker maak dat ons verstaan wat ons lees (moniteer) en as iets nie vir ons sin maak nie, dat ons weer die teks lees (herstel).

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Om aan leerders die waarde van lees in pare te verduidelik
- Om leerders te wys hoe om te sit en wat om tydens lees in pare te doen
- Waarom dit belangrik is om leerders te laat oefen om die roetine van lees in pare te oefen
- Hoe om leerders in pare in te deel

VIDEO

### Kyk na video 83: What does Paired Reading Look like?

5 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Wat moet die onderwyser verduidelik voordat leerders in pare lees?
2. Hoe kan 'n onderwyser lees in pare modelleer voordat die klas dit doen?




WATCH NOW



Funda Wande

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser het verduidelik waarom lees in pare nuttig is. Sy
2. het gesê dat hulle een boek tussen hulle moes hê.
3. Sy het gesê hulle moet langs mekaar sit, elmboog teen elmboog.
4. Sy het vir hulle gesê om saggies maar hoorbaar te lees.
5. Sy het verduidelik dat hulle saggies lees om nie hul maats wat ook lees te steur nie.
6. Sy het gesê elkeen moet beurtelings 'n paragraaf lees.
7. Sy het vir hulle gesê wat hulle moet doen as hul maat 'n fout maak met sy/haar leeswerk.


VIDEO

### Kyk na video 89: Setting up Paired Reading

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Wat staan op die kaart met die reëls en verwagtinge vir lees in pare?
2. Waarom vra die onderwyser leerders om te merk tot waar hulle gelees het? Moet 'n onderwyser lees in pare modelleer voordat die klas dit doen?




WATCH NOW

### Belangrike punte uit die video

1. Die onderwyser werk saam met leerders wat groepbegeleide lees doen terwyl die res van die klas in pare lees.
2. Sy het vir hulle gesê om hul gunsteling storie te kies.
3. Die twee leerders sit langs mekaar, elmboog teen elmboog.
4. The paired readers refer to the chart of rules for Paired Reading.
5. Hulle lees saggies vir mekaar.
6. Hulle merk tot waar hulle gelees het sodat hulle die volgende keer sal weet waar om weer te begin lees.



Funda Wande

VIDEO

### Kyk na video 85: Children Reading in Pairs

2 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Waarom help die onderwyser die leerders in hierdie les?
2. Watter probleme ondervind die leerders wat nie die boek reg tussen hulle vashou nie?




WATCH NOW

### Hoe om die leespare in te deel

1. Deel pare aan die begin van die jaar in op grond van jou basislynassessering. Jy kan die pare gedurende die jaar verander.
2. Jy kan lesers met dieselfde vermoë in een paar indeel – byvoorbeeld sterk lesers saam met sterk lesers en swakker lesers saam met swak lesers.
3. Jy kan ook dié met verskillende vermoëns laat saamlees, m.a.w. 'n sterker leerder saam met 'n swakker leser. Gebruik die volgende stappe om 'n sterk leser met 'n swakker leser in te deel.
   a) Lys die leerders in volgorde van die beste tot die swakste leesvermoë, gegrond op jou basislynassessering.
   b) Verdeel die lys in twee.
   c) Plaas die topleerder in die eerste helfte van die lys saam met die topleerder in die tweede helfte van die lys. Gaan so voort totdat al die leerders 'n maat het.
   d) Wees sensitief wanneer leerders met spesiale behoeftes ingedeel word. Maak seker dat hulle saam met 'n ondersteunende maat is wat die situasie kan beheer.
   e) Laat hulle 'n boek lees wat vir die swakker leser die beste sal pas. Die sterker leser sal dit vlot kan lees en sal dus goeie leeswerk kan modelleer en die swakker leser kan ondersteun waar nodig.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Pas die kolomme

**Antwoorde**

Pas die "reël" vir lees in pare in **Kolom 1** by die bypassende rede in **Kolom 2**

| **1**/ REËLS VIR LEES IN PARE | **2**/ REDE VIR REËL |
|---|---|
| 1 Leerders moet elmboog teen elmboog sit (of skouer aan skouer). | a. As die leerders elkeen hul eie boek gehad het, sou daar geen rede wees om vir mekaar voor te lees nie. |
| 2 Leerders moet 'n boek deel. | b. Daar sal te veel geraas wees en leerders sal afgelei word. |
| 3 Leerders moet saggies lees. | c. Dit is duidelik hoeveel elke leerder moet lees. |
| 4 Leerders moet elkeen 'n paragraaf lees. | d. Leerders moet albei die bladsy kan sien. |

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Watter reëls is volgens jou belangrik vir lees in pare?
2. Hoe voel jy daaroor om lees in pare tussen kinders in die ouer grade by diegene in jou graad in te deel? Dit word na verwys as kruisgraadse lees in pare.

Welgedaan! Jy het Les 17 voltooi.

# Les 18: Alles oor selfstandige lees

60 mins

Welkom terug.

Die oogmerk met die onderrig van lees is sodat die kind 'n selfstandige leser kan word. Dit wil sê, 'n kind wat 'n ouderdomsgepaste teks met begrip kan lees. In hierdie les word gekyk na wat selfstandige lees is en waarom dit belangrik is.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat is selfstandige lees
- Waarom is selfstandige lees belangrik

## Wat is selfstandige lees?

1. Om selfstandig te lees, beteken jy lees op jou eie.
2. Dit beteken jy verstaan wat jy lees en jy kan die teks interpreteer.
3. Dit beteken jy wil graag lees.
4. Dit beteken dat lees 'n daaglikse gewoonte moet wees.
5. Dit beteken om te kies wat jy wil lees.
6. Dit beteken dat lees vir jou lekker en genotvol moet wees.
7. Dit beteken jy lees gewoonlik stilweg.
8. Dit moet deur die onderwysers en die skool en by die huis gekoester en ontwikkel word.
9. Dit is die sleutel tot verdere sukses op skool en in die lewe.






## Waarom is selfstandige lees belangrik?

1. Kinders beskou lees as 'n waardevolle en belangrike aktiwiteit:
2. Onderwysers moet periodes vir selfstandige lees skeduleer. As dit geskeduleer is, besef die kinders dat dit 'n waardevolle en belangrike aktiwiteit is.
3. Kinders word gemotiveer om te lees as hulle 'n boek gekies het waarin hulle belangstel.
4. Dit help om hul leeswerk te verbeter.
5. Dit ontwikkel goeie gewoontes vir lewenslange lees.

## Watter tekste gebruik ons vir selfstandige lees?

1. Selfstandige lees vereis dat 'n verskeidenheid interessante, relevante leesstof in die skool beskikbaar is.
2. Stuur boeke saam met leerders huis toe. Sommige onderwysers wil dit nie doen nie, want hulle dink die kinders gaan die boeke verrinneweer. Maar as leerders geleer word hoe om boeke behoorlik te hanteer, moet hulle toegelaat word om dit huis toe te neem.
3. Oorweeg die volgende wanneer boeke vir selfstandige lees gekies word:
   a) Daar moet 'n verskeidenheid fiksie- en niefiksieboeke wees.
   b) Boeke moet in die leeshoekie van die klaskamer of in 'n biblioteek uitgestal word.
   c) Leerders kan ook toegang tot digitale stories op tablette of rekenaars kry as jou skool daarvoor toegerus is.
   d) Biblionef, Shine Literacy, Nal'ibali, Book Dash of plaaslike biblioteke kan meer boeke verskaf. As jy internettoegang het, soek aanlyn daarvoor.
   e) Boeke kan ook goedkoop by boekverkope en markte gekoop word.



VRAE

## Gaan jou begrip na: Waar of onwaar

**Antwoorde**

1. Die hoofpunt van die onderrig van lees is om selfstandige lesers te ontwikkel. **Waar of onwaar?**
2. Dit maak nie saak as leerders nie vir 'n lang tydperk lees nie. **Waar of onwaar?**
3. 'n Belangrike aspek van selfstandige lees is dat kinders die boek kies wat hulle wil lees. **Waar of onwaar?**
4. Die onderwyser speel 'n noodsaaklike rol in die ontwikkeling van selfstandige lesers. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Wat kan jy as onderwyser doen om selfstandige lees te ondersteun?
2. Wanneer laas het jy iets vir die genot gelees en dit met jou klas gedeel?

Welgedaan! Jy het Les 18 voltooi.





# Les 19: Die rol van die onderwyser in selfstandige lees

60 mins

Welkom terug.

Grondslagfase-onderwysers speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van lewenslange lesers, aangesien hulle leerders onderrig hoe om met begrip te lees en hulle motiveer hoe belangrik en hoe lekker dit is om te lees.

## Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarom onderwysers belangrik is vir die bevordering en ondersteuning van kinders om op hul eie te lees
- Vier dinge wat onderwysers kan doen om leerders te motiveer om te lees
- Hoe om elke week 'n periode vir selfstandige lees te skeduleer

Hierdie les verken ook waarom dit belangrik is om 'n periode vir selfstandige lees te skeduleer om vir leerders aan te toon dat dit belangrik is.

Daar is vier dinge wat 'n onderwyser kan doen om leerders te motiveer om te lees:

1. Skeduleer elke week 'n periode vir selfstandige lees.
2. Verduidelik eksplisiet die waarde en belang van lees.
3. Modelleer hoe om 'n selfstandige leser te wees. Die leerders sal agting vir jou hê en sal wil doen wat jy doen.
4. Stel interessante en relevante leesstof aan leerders beskikbaar en wys hulle hoe om geskikte boeke te kies.





Funda Wande

### Bevorder en ondersteun selfstandige lees

1. Laat kinders elke dag op min of meer dieselfde tyd vyf tot tien minute lank lees (by hul aankoms, na pouse of voor hulle huis toe gaan).
2. Ken elke week 'n periode toe vir die klas om die skoolbiblioteek te besoek. As daar nie 'n biblioteek is nie, rig 'n biblioteek in die klas in of doen bloklenings by die plaaslike biblioteek.
3. Vestig 'n daaglikse of weeklikse periode waartydens almal in die skool op dieselfde tyd selfstandig lees. Selfs die onderwysers en die skoolhoof lees! Hierdie periode kan LAEL (los alles en lees) of VLS (volgehoue lees in stilte) of bloot leestyd genoem word.
4. Dis baie goed om leesklubs na skoolure te hê, maar jy moet steeds tyd in die klas vir selfstandige lees maak om vir leerders aan te toon dat dit 'n belangrike deel uitmaak van hulle leerwerk op skool.



VIDEO

### Kyk na video 90: What Does Independent Reading Look Like?

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Wat is die punt om leerders in Graad R selfstandige lees te laat doen as hulle nog nie kan lees nie?
2. Watter rol speel die Graad R-onderwyser in die ontwikkeling van kinders se belangstelling om te lees en om dit vir hulle lekker te maak?




WATCH NOW

VIDEO

**Kyk na video 87: Teach how to behave in Independent Reading**

2 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Hoekom spring hierdie kinders so gretig op om boeke te gaan haal om te lees?
2. Hoe leer die onderwyser hulle om hulself te gedra?




WATCH NOW



VRAE

**Gaan jou begrip na: Waar of onwaar**

| Vraag | Antwoorde |
|---|---|
| 1. Selfstandige lees kan slegs plaasvind wanneer leerders Antwoorde kan lees. **Waar of onwaar?** | |
| 2. Dit is onmoontlik om sonder ’n skoolbiblioteek selfstandige lees te doen. **Waar of onwaar?** | |
| 3. Indien ’n skoolbiblioteek beskikbaar is, moet die onderwyser ’n gereelde leesperiode skeduleer en die leerders na die biblioteek toe neem. **Waar of onwaar?** | |
| 4. Middagleesklubs is ’n manier om selfstandige lees te bevorder. **Waar of onwaar?** | |

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Het jy ’n leeshoekie in jou klaskamer wat jy gereeld kan bywerk?
2. Het jy met jou openbare biblioteek in verbinding getree om hulle ondersteuning in die ontwikkeling van jou leerders se liefde vir lees te vra?

Welgedaan! Jy het Les 19 voltooi.

# Les 20: Bevordering van selfstandige lesers

60 mins

Welkom terug.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Waarom onderwysers belangrik is vir die bevordering en ondersteuning van kinders om op hul eie te lees
- Wat die onderwyser moet doen om selfstandige lesers te bevorder en ondersteun

Leerders het agting vir hulle onderwysers en wil soos hy of sy wees. Dit is daarom belangrik dat die onderwyser modelleer hoe om 'n leser te wees. Die onderwyser kan dit doen deur:

1. die kinders elke week te vertel wat sy lees tydens die periode vir selfstandige lees.
2. die kinders te laat sien hoe sy lees (terwyl hulle selfstandig lees).
3. insigte te deel oor wat sy gelees het.
4. die leerders te vertel waarom lees voordelig is.

VIDEO

**Kyk na video 86: Model being a Reader**

5 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Waarom wys die onderwyser vir die kinders die boek wat hy lees?
2. Waarom vertel hy hulle oor sy besoek aan die biblioteek?

Onderwysers moet verduidelik waarom dit belangrik is om te lees, maar moet ook interessante, relevante boeke beskikbaar stel en vir die leerders wys hoe om boeke te kies.




WATCH NOW

VIDEO

**Kyk na video 88: Teach how to choose books**

1 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Hoe kan die onderwysers die kinders help om boeke te kies as daar baie kinders in die klas is?
2. En as die kinders nie 'n boek wil kies nie?




WATCH NOW



### ’n Paar notas oor hoe om die seleksie van boeke te lei

1. Die onderwyser het ’n belangrike rol om leerders te help om iets te vind wat vir hulle interessant en lekker sal wees om te lees.
2. Die onderwyser moet beklemtoon dat terwyl die prente baie interessant is, hulle ook die teks moet lees.
3. Vertel die leerders van die vyf-vinger-reël vir wanneer boeke op die regte vlak gekies word. Hou ’n vinger op elke keer as hulle nie ’n woord kan lees nie. As daar meer as vyf woorde op ’n bladsy is wat hulle nie kan lees nie, moet hulle dalk ’n makliker boek kies.
4. Onthou: Gee vir elke leerder ’n kans om die boek te kies wat hom of haar interesseer, en om d it te lees op die vlak wat by hul vermoë pas.




### Gee leerders ’n kans om te gesels oor wat hulle gelees het

1. ’n Manier om te monitor of leerders tydens selfstandige lees behoorlik lees, is om hulle te vra om vir die klas of vir jou individueel te vertel waaroor die teks gegaan het.
2. Help hulle om te deel wat hulle opwindend gevind het en wat hulle geniet het.
3. Leerders kan ook kort aanbevelings vir goeie boeke skryf en dit binne die boek of in die leeshoekie plaas. Dit sal ander leerders motiveer om dieselfde boek te lees.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Veelvuldige keuse

Kies die geskikste opsie uit die veelvuldige keuses om die sin te voltooi.

**Antwoorde**

1. Wanneer die onderwyser die leerders help om goeie boeke te kies, moet sy:
   a) hulle vertel watter boeke hulle behoort te lees.
   b) hulle van die vyf-vinger-reël leer en deur die boek laat blaai voor hulle dit kies.
   c) hulle ’n lys interessante boeke gee en vra hulle moet deur die lys werk.

   ..............................

2. ’n Leerder doen selfstandige lees wanneer hy/sy:
   a) vir die klas hardop lees.
   b) alleen en stilweg in sy/haar boek lees.
   c) luister na ’n maat wat uit ’n boek lees.

   ..............................

3. Selfstandige lees vind plaas in:
   a) die biblioteek.
   b) die klaskamer.
   c) Sowel a) as b).

   ..............................

4. Die onderwyser kan leerders aanmoedig om by die biblioteek aan te sluit deur:
   a) te verduidelik hoe die biblioteek werk.
   b) ’n personeellid van die openbare biblioteek te vra om met die leerders te praat.
   c) Sowel a) as b).

   ..............................

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Het jy genoeg tyd bestee aan die ontwikkeling van jou leerders se gewoontes ten opsigte van selfstandige lees?
2. Hoe kan jy leerders aanspoor om die skool- of openbare biblioteek te besoek vir projekte of take wat vereis dat hulle meer moet lees?

Welgedaan! Jy het Les 20 voltooi.

## Antwoorde op vrae in lesse

### Les 11

**1. Waar.** Leerders moet geplaas word in groepe waarin hulle almal 'n soortgelyke leesvermoë het.
**2. Onwaar.** Gedurende groepbegeleide lees moet die leerders die leeswerk doen, nie die onderwyser nie.
**3. Waar.** Die onderwyser het tydens groepbegeleide lees 'n geleentheid om te hoor hoe elke kind lees. Dis belangrik dat die onderwyser weet wat elke leerder in haar klas se leesvermoë is.
**4. Waar.** Dis belangrik dat elke leerder sy/haar eie afskrif het. As hulle nie hardop lees nie, moet hulle in hul eie boeke volg wat gelees word.

### Les 12

**1.** Hardop. Elke leerder moet tydens sy of haar groepbegeleide leesles **hardop** lees.
**2.** Soortgelyke. Groepe bestaan uit leerders met 'n **soortgelyke** leesvermoë.
**3.** Frustrasie. Gedurende groepbegeleide lees kry 'n leerder 'n boek wat hy of sy sonder **frustrasie** kan lees.
**4.** Eers Teks A (sleg vier woorde), dan Teks C (een paragraaf) en daarna Teks B (die langste teks). Let wel: Die aantal woorde is slegs een aanwyser van hoe moeilik die teks is. Die kompleksiteit van die woorde, die taal en struktuur, asook die onderwerp sal ook die moeilikheidsgraad beïnvloed.

### Les 13

**1. Waar.** Die leesgroepe word in groepe met soortgelyke vermoëns ingedeel.
**2. Waar.** Die basislynassessering moet vroeg in die jaar begin sodat die onderwyser so gou as moontlik die indeling vir groepbegeleide lees kan doen.
**3. Onwaar.** Dit sal beter wees om twee verskillende groepe te hê, indien moontlik en na gelang van die aantal leerders. Een groep kan leerders bevat wat kan dekodeer, hoewel dit stadig en aarselend is, en 'n tweede groep kan leerders bevat wat weer basiese klanke moet leer.
**4. Waar.** As die proses aan die leerders verduidelik word, sal die groepbegeleide lees self doeltreffender wees. Dit neem wel tyd om die proses van groepbegeleide lees in te deel en te verduidelik, maar as die leerders eers weet hoe dit werk, sal dinge vinniger gaan.
**5. Onwaar.** Jy kan bevind dat van die leerders nie goed in die toets gevaar het nie, maar eintlik vlotter lees as wat jy aanvanklik besef het, in welke geval jy hulle sal moet verander. Leerders se vordering is ook nie dieselfde nie. Maar probeer om die groepe so konsekwent as moontlik te hou nadat jy akkuraat kon vasstel wat elkeen se vermoë is.
**6. Waar.** Wat belangrik is vir die sukses van groepbegeleide lees, is dat die res van die klas genoeg uitdagende werk het sodat hulle nie die onderwyser sal aflei terwyl sy met 'n klein groep werk nie.

### Les 14

**1. d)** "Dis baie meer vloeiend, welgedaan." Dit prys en spoor die leerder aan om 'n bepaalde leesvaardigheid te bemeester.
**2. c)** "Breek die woord op in lettergrepe." Dit help die leerder om die woord te segmenteer sodat hy/sy dit kan lees.
**3. a)** "Hoekom dink jy het hy dit gedoen?" Dit ontwikkel betekenis om seker te maak dat kinders met begrip lees.
**4. b)** "Lees dit weer maar probeer om dit hierdie keer vinniger te lees." Dit help om vlotheid te ontwikkel.

### Les 15

**1. Waar.** Die onderwyser moet gedurende elke groepbegeleide leesles alle leerders informeel assesseer. Die onderwyser moet elke leerder in die groep waarneem en aantekeninge maak oor watter aspekte weer geleer of geoefen moet word.
**2. Onwaar.** Dit is nie moontlik om alle vaardighede in een les te assesseer nie. Die onderwyser moet fokus op die vaardigheid/strategie wat op die teks betrekking het of wat tydens die les in gedeelde lees onderrig is.
**3. Onwaar.** Die byhou van rekords tydens groepbegeleide lees is nie 'n mors van tyd nie. Dis baie belangrik om rekords by te hou, want dit sal die keuses wat jy maak, inlig. Die rekords is handig vir wanneer die onderwyser
**4. Onwaar.** Assesserings in groepbegeleide lees moet vir huistaal asook Engels eerste addisionele taal gedoen word.



### Les 16

**1. Waar.** Lees in pare verwys na twee kinders wat saggies vir mekaar lees.
**2. Onwaar.** Lees in pare is twee kinders wat vir mekaar lees, en selfstandige lees is 'n kind wat op sy/haar eie lees (gewoonlik stilweg)..
**3. Waar.** Die voordeligste aspek van lees in pare is dat leerders meer leesoefening kry. As daar gereeld in pare gelees word, het dit 'n uiters positiewe uitwerking op leesvlotheid.
**4. Onwaar.** Nadat die onderwyser die reëls ingestel het, laat sy die leerders toe om in pare te lees sonder om betrokke te raak. Die onderwyser moet egter die twee leerders kontroleer om seker te maak dat hulle wel lees.

### Les 17

**1. d**) Leerders moet elmboog teen elmboog (of skouer aan skouer) sit sodat albei die boek kan sien wat hulle deel.
**2. a)** Leerders moet 'n boek deel. Dit help om die paar op dieselfde bladsy te hou en die leeswerk teen 'n soortgelyke tempo te handhaaf.
**3. b)** Leerders moet saggies lees. Dit beteken nie om stilweg te lees nie, maar om saggies te lees. Dit is sodat die maatjie kan hoor wat gelees word, sonder dat die hele klas ontwrig word.
**4. c)** Leerders moet elkeen 'n paragraaf lees. Hulle kan ook elkeen 'n bladsy lees. Die twee belangrike dinge is dat hulle 'n betekenisvolle stuk moet lees (nie net een sin op 'n slag nie) en dat elkeen moet weet hoeveel hulle moet lees. Só word enige misverstand uit die weg geruim.

### Les 18

**1. Waar.** Die hoofpunt van die onderrig van lees is om selfstandige lesers te ontwikkel.
**2. Waar.** Dit maak nie saak as leerders nie vir 'n lang tydperk lees nie. Wat belangrik is, is dat hulle wel op hul eie lees.
**3. Waar.** 'n Belangrike aspek van selfstandige lees is dat kinders die boek kies wat hulle wil lees. Kinders het só min geleenthede om hul eie keuses op skool uit te oefen. Om toegelaat te word om self die boek te kies wat jy wil lees, is belangrik vir selfstandige lees.
**4. Waar.** Die onderwyser speel 'n noodsaaklike rol in die ontwikkeling van selfstandige lesers. Dit geld veral vir kinders uit gemeenskappe waar lees nie hoog geag word of as belangrik beskou word nie.

### Les 19

**1. Onwaar.** Selfstandige lees kan plaasvind voor kinders leer om te lees, soos gesien in die Graad R-video.
**2. Onwaar.** Hoewel dit ideaal is om 'n skoolbiblioteek te hê, kan onderwysers steeds selfstandige lees in hul klaskamer bevorder deur hulle eie leeshoekie in te rig en leesstof beskikbaar te stel. Hulle kan ook toegang kry tot gratis digitale boeke op verskeie webwerwe.
**3. Waar.** Onderwysers moet hul leerders gereeld na die biblioteek neem.
**4. Waar.** Leesklubs is 'n opwindende manier om 'n liefde vir lees aan te kweek. Nal'ibali het 'n hele paar idees vir leesklubs op hul webwerf.

### Les 20

**1. b)** Om leerders te help om goeie boeke te kies, is dit raadsaam om hulle van die vyf-vinger-reël te vertel en om eers deur die boek te blaai en na die prente en teks te kyk.
**2. b)** Selfstandige lees is om 'n boek stilweg te lees, en nie om dit hardop vir die klas te lees nie.
**3. c)** Selfstandige lees kan op amper enige plek in die skool plaasvind.
**4. c)** Die onderwyser kan die bibliotekaresse vra om met die leerders te kom praat en sy of die onderwyser kan verduidelik hoe dinge in 'n biblioteek werk.

creative commons
CC-BY- 4.0

Vir verdere inligting en om toegang tot al ons hulpbronne te verkry, besoek **fundawande.org**

9 781990 952654